

LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK.

ISOMATE® FCM

PARINGSONTWRIGTING OP MAKADAMIAS

WAT IS PARINGSONTWRIGTING?

Met paringsontwrigting word boorde met die feromone van die vroulike Valskodlingmot (VKM), *Thaumatotibia (Cryptophlebia) leucotreta*, oortrek. Dit lei daartoe dat die manlike motte gedisoriënteerd raak en sodoende verhoed word om te paar. Hoe meer seisoene hierdie tegniek in dieselfde boorde gebruik word, hoe groter is die langtermyn-effek. Paring kan wel plaasvind buite die behandelde area en bevrugte vroulike motte kan vrugteskade veroorsaak - veral op die grenslyn van behandelde boorde. Hoe groter die behandelde area, hoe kleiner is die moontlikheid dat bevrugte wyfiemotte die behandelde area kan inval. Paringsontwrigting moet nie toegepas word op boorde kleiner as 10ha nie. Vir optimale effektiwitiet moet die behandelde boorde min of meer vierkantig wees. Die behandeling van lang, smal boorde – waar die wydte minder as 250 meter en loodreg teen die aanwesige windrigting is – moet vermy word.

VOORDELE

Paringsontwrigting met Isomate® FCM is hoogs effektief, laat geen chemiese residu, het geen onthoudingsperiode, het geen omgewingsimpak, is veilig vir mens en dier, en skakel 100% in by 'n geïntegreerde plaagbeheerprogram.

ISOMATE® FCM AS DEEL VAN 'N PROGRAM

Die enigste manier om Valskodlingmot suksesvol te beheer, is deur middel van 'n holistiese benadering, en paringsontwrigting is slegs een gedeelte van die beheerprogram. Paringsontwrigting is mees effektief in omstandighede waarin daar lae VKM-infestasies is. Indien die motpopulasie gemiddeld tot hoog is, wend 'n gepaste insekdoder aan tesame met die paringsontwrigtingprogram.

AECI® PLANT HEALTH

ISOMATE® FCM TOEDIENERS

Die Isomate® FCM-toedieners bestaan uit 'n poli-etileen buis wat gevul is met sintetiese feromone van Valskodlingmotwyfies. Die vrysteller stel die feromoon vry omdat die buis semi -deurlaatbaar is. Isomate® FCM bestaan uit 166.8 mg E-8 – dodekeniel asetaat, 70.8 mg Z-8 – dodekeniel asetaat en 2.4 mg E/Z-8 – dodekenol per vrysteller.

TOEDIENING VAN ISOMATE® FCM-VRYSTELLERS

Die toedieners moet eenmaal om die broodsakknippie ('bread clip') gedraai word en opgehang word met 'n besemstok (met 'n inkeping) aan 'n laterale tak (potlooddikte) in die blaarkoepel van die boom. Hang vrysteller 0.5 meter vanaf die boomtop. Vrysteller moet eweredig in die boord versprei wees.

VRYSTELLINGSPOED WORD DEUR DIE VOLGENDE BEPAAL:

Faktor	Effek
Windspoed	Wind verhoog die vrystellingspoed
Temperatuur	Hoë temperature verhoog die vrystellingspoed
Areagrootte	Groter is beter
Populasiegrootte	Meer effektief met laer populasies
Toedieningstyd	Voor paring
Boordhelling	Hang meer vrysteller in die hoogliggende gedeelte van die blok



Grafiek 1: Totale hoeveelheid motte gevang tydens 'n proef gedoen by EPM in Malawi waar 'n makadamiaboord met Isomate®FCM behandel is teen Valskodlingmot.



VKM vasgevang op plakpapier



VKM op blaar



Valskodlingmotlarwes op Makadamianeut



Isomate® FCM vrysteller en broodsakknippie ("bread clip") gereed om aan die boom



Isomate® FCM vrysteller wat hang in 'n Makadamiaboom

Ter afsluiting: Die Isomate® FCM paringsontwrigting-sisteem is beide 'n koste-effektiewe en omgewingsvriendelike metode om Valskodlingmotte in Makadamiaboorde te beheer. Die korrekte plasing van Isomate® FCM vrystellers in die boonste gedeelte van bome verseker effektiewe beheer, 'n vermindering van Valskodlingmotte en ook die vermindering van die intensiteit en aantal chemiese besproeiings.

Isomate® FCM Reg. Nr. L7692, Wet Nr. 36 van 1947
Isomate® is die geregistreerde handelsmerk van BioControl Limited

Aktiewe Bestanddele:
E-8 - dodekeniel asetaat 695 g/kg
Z-8 - dodekeniel asetaat 295 g/kg
E/Z-8 – dodekenol 10 g/kg
Elke vrysteller bevat 'n minimuum van 240 mg aktiewe bestandele

GHS Gevaarverklaring:
Veroorsaak vel irritatsie.

WAARSKUWING

AECI Chem Park, 200 Bergrivier Drive, Chloorkop, Kempton Park, 1619
T: +27 11 823 8000 **E:** planthealth@aeciworld.com **W:** aeciph.com

AECI® PLANT HEALTH